

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: NOVEMBER 2017

Geagte HSAG-belegger / Mnr / Mev / Mej [Customer Name]

Hierdie nuusbrief is aan u as lid van die Hoëveld Sindikase Aksiegroep (“HSAG”) gerig op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en u lidmaatskap by en/of ondersteuning van die HSAG .

Alhoewel e-posse van tyd tot tyd uitgestuur word is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting kan bekom.

Hou ons asseblief op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

In hierdie nuusbrief bevestig ons weer die doelwit waarvoor die HSAG gestig is, die befondsing van die Klas-aksie; die jongste stand van regsaksies en terugvoer op media-navrae.

1. OORSIG

Die HSAG het tot stand gekom uit ’n groot groep ongelukkige beleggers dwarsoor die Republiek van Suid-Afrika in die Highveld Sindikasiemaatskappye (HS15-22) wat besluit het om ’n regsding teen mnr Nic Georgiou en andere vir die skades en verliese wat hul in die onsuksesvolle HS15-22 maatskappye gely het.

Die regspan is positief oor die meriete van die saak omrede elkeen van die HSAG-lede in goeie trou kapitaal belê het in eiendomsindikase-maatskappye wat miljarde rande se onbelaste eiendomme sou besit het, maar die eiendomme asook geld daarvoor betaal intussen “verdwyn” het.

Weens die roekelose en/of nalatige bedryf en hantering van die HS15-22 besigheid en fondse, het die HS19-22 maatskappye eiendomme vanaf mnr Nic Georgiou/sy entiteite gekoop én betaal, was die eiendomme nie oorgedra soos ooreengekom nie.

In die HS15-18 moes die eiendomme onbelas (sonder verbande) wees maar kla die HS-lede dat hulle onder ’n wanindruk gebring was dat daardie maatskappye in besigheidsredding geplaas moes word, waaruit die onbelaste eiendomme weer op ’n skuldige wyse verkoop is en die HS-lede gevolglik groot skades en verliese gely het.

Danksy die HSAG en sy duisende lede kon hierdie groep ontevrede beleggers ’n klas-aksie van stapel stuur wat eiesoortig is. Wat befondsing betref het die HSAG ’n fraksie van elke lid opgevra wat nodig is om sake van hierdie enormiteit te dryf. Ongelukkig het almal nie hul kant finansiële gebring nie en is die opvragings en frekwensie daarvan hoër as wat die HSAG-bestuur sou wou hê.

2. DRYFVEER EN DOELWITTE VAN HSAG

Die hoofdoelstelling van die HSAG is om die Hooggeregshof van Suid-Afrika by wyse van aansoek te nader vir die verkryging van hofbevele namens beleggers in HS 15-22 wat beveel dat 'n Klas-aksie/s teen mnr Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente in te stel vir die verhaling van skades en verliese wat beleggers in die mislukte Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 gely het. Die ontevrede beleggers voel dat mnr Nic Georgiou nog nie 'n enkele keer, sedert hy by die Highveld Sindikasiemaatskappye betrokke geraak het, sy ooreenkomste nagekom het nie en dat die gereg sy gang moet gaan.

Die twee onmiddellike sake waarby die HSAG tans betrokke is, is die sertifisering (registrasie) van die Klas-aksie asook die tersydestelling van 'n Reëlinskema kragtens Art 155 van die Maatskappywet. Die Reëlinskema behels onder andere dat mnr Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente algeheel kwytgeskeld en gevrywaar word van persoonlike aanspreeklikheid. Die hofbekragtiging ten opsigte van die Reëlinskema was heimlik verkry en moet tersyde gestel word om die verhalingsproses teen individue voort te sit.

Indien die hof saamstem met die saak van die HSAG, sal die Reëlinskema tersyde gestel word en sal die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 terugval in besigheidsredding. In so 'n geval sal mnr Hans Klopper – die besigheidsreddingspraktisyn aangestel deur die hof – waarskynlik versoek word om te bedank. HSAG-lede is van mening dat Klopper nie in hul beste belange opgetree het nie. Indien 'n nuwe besigheidspraktisyn onafhanklik aangestel sou word, sal hy versoek word om die nodige stappe te neem ten einde die maatskappye se belange te dien en sal die HSAG kan voortgaan met die sertifikasie-aansoeke van die Klas-aksie.

Tot tyd en wyl die HSAG suksesvol is met die tersydestelling van die Reëlinskema, is Orthotouch/mnr Nic Georgiou kragtens 'n hofbevel verplig om maandeliks rente aan beleggers te betaal. Orthotouch kan dus nie summier ophou met die betalings nie. Dit is egter ons mening dat daar met die rentebetalings voortgegaan kan word dienooreenkomstig die inkomste wat gegenereer word uit die geboue sonder die Reëlinskema.

3. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE

Befondsing van 'n saak met 'n beskermbare belang van R4.6 miljard is en sal sekerlik altyd een van 'n aksiegroep se grootste uitdagings wees. Baie persone voel gegrief en verontreg omdat hulle van hul lewensspaargeld ontnem is. Hulle is daarby kwaad omdat hul voel dat die regering se masjinerie en meganismes disfunksioneel is en hulle nie teen hul skades en verliese beskerm word nie en dat hulle nou hul hand in eie boesem moet steek om die geld wat hulle verloor het, terug te vorder.

Ernstige aantygings word verder gereeld teen die vervolgingsgesag en die Valke gemaak, wat mense moedeloos laat. Daarbenewens hou mnr Nic Georgiou nie sy

woord met 'n kommersiële skikking nie; is Orthotouch in 'n finansiële verknorsing en onder 'n Art 155-Reëlinskema. Die enigste opsie bly dus vir HSAG-beleggers oor om saam te staan en 'n hofsaak te dryf om hul verliese te verhaal. Dit is immers hulle saak en genadiglik maak die Suid-Afrikaanse Reg sedert 2013 voorsiening daarvoor dat HS-beleggers by wyse van 'n klas-aksie hul regte kan afdwing.

Dit is van uiterse belang dat HSAG-lede seker moet maak dat hul registrasie- en regskoste so spoedig as moontlik op datum gebring word, ten einde die HSAG-prokureurs in staat te stel om die saak namens die beleggers te dryf.

Vroeëre verdagmakery deur mnr Nic Georgiou en sy agente (waaronder Helgard Hancke), dat die prokureurs tientalle miljoene rande vanaf beleggers ontvang is bloot onwaar. Van die nagenoeg 7 000 HSAG-lede is daar duisende lede wat ongelukkig nie hul kant bring nie.

Die HSAG-prokureurs het inderwaarheid die voortou geneem met die ondersteuning in die klas-aksie en nou vir etlike jare gewerk sonder om ál hul gelde waarop hul geregtig is te hef. Hul rekeninge is, hoofsaaklik weens 'n groot aantal lede wat min of géén finansiële bydrae maak, onbetaald.

Lede word versoek om voort te gaan om hul ondersteuning aan die HSAG te toon in die proses waardeur die enorme verliese deur die beleggers gely, verhaal word, deur getrou hulle jaarlikse finansiële bydraes te lewer. Alhoewel dit 'n las plaas op die administrasie van die HSAG, kan die jaarlikse bydraes selfs in paaiemente betaal word.

Vir die HSAG om die enorme regsdinge te dryf in die stryd om die beleggers se geld (nagenoeg R4,6 miljard) terug te eis van die Respondente, behels voltydse aandag en die aangaan van groot uitgawes.

Die bydrae tot regs- en administrasiekoste tot op hede gehef is op die grondslag bereken dat alle geregistreerde HSAG-lede hul betalings getrou sou maak. So word verseker dat die ledebydrae tot die minimum beperk word. Vir hierdie saak om suksesvol te wees moet alle lede egter hul kant bring. Dit is slegs deur saam te staan dat ons leuse “Eenheid is Sterkte” kan omskakel in 'n werkbare dryfkrag.

Ons kan u die versekering gee dat daar uiters versigtig gewerk word met die ledebydraes wat ontvang word. Alle fondse met betrekking tot die HSAG word in 'n aparte trustrekening betaal vir onder andere regskoste, uitgawes en die administrasie van die HSAG, welke groep uit ongeveer 7 000 individue bestaan.

Hierdie rekening wat spesifiek vir dié doel deur die HSAG-prokureurs geopen is, word behoorlik geoudit deur onafhanklike ouditeure. Die HSAG-prokureurs hef slegs fooie en uitgawes soos en wanneer dit nodig is en dit nadat die werk reeds gedoen is. Nieteenstaande die enorme bedrag, van etlike miljoene rande betrokke by die eis, asook die geweldige tyd en energie wat die saak buite gewone kantoor-ure en selfs oor naweke verg, het die prokureurs tot dusver slegs hul normale regsfooie gehef.

Ons versoek u dus ernstig om 'n daadwerklike poging aan te wend om u lede-bydraes op datum te bring ten einde u saak vorentoe te neem.

4. NUUSBRIEF FORMAAT

Die HSAG bestuur het besluit om voortaan maandstate en nuusbriewe onder aparte e-posse uit te stuur. Die maandelikse nuusbriewe sal soos gewoonlik op die webtuiste by www.hsaction.co.za beskikbaar wees vir alle HSAG-beleggers onder die hofie: "Nuusbriewe".

Indien u enige probleme ondervind met die oopmaak of formaat van die nuusbriewe kan u ons in kennis stel by hsactiongroup@gmail.com.

5. 2017 HSAG-INLIGTINGSESSIES

Gedurende Oktober 2017 het die HSAG-bestuur op versoek van HSAG-lede besluit om inligtingssessies as proeflopies in verskillende streke te hou ten einde vas te stel of daar 'n behoefte daarvoor bestaan en of dit prakties uitvoerbaar is. Dit sou ook dien as geleentheid om beleggers in te lig oor die geskiedenis van die HS-maatskappye en om die regsproses van die HSAG se klas-aksie te verduidelik.

Drie inligtingssessies was op 2, 3 en 24 November 2017 onderskeidelik in Port Elizabeth (Oos-Kaap), Mosselbaai (Wes-Kaap) en die Paarl (Wes-Kaap) aangebied. Die sessies het goed afgeleef en die bywoning in die eerste twee gevalle was bo verwagting.

Daar is in breë trekke verduidelik wat 'n klas-aksie is, dat dit nuwe reg behels en dat die omvang van die getal eisers baie groot is. Die voor- en nadele asook die regsposisie van klas-aksies is bespreek.

Die samestelling van die HSAG-regsspan is uiteengesit. Hierdie span bestaan uit Theron & Vennote, Senior en Junior Advokatuur en korrespondente met uitstekende ondervinding in die bedryf.

Die proses van die besigheidsredding en waarvoor dit nodig was, is uitgelig en aan die hand hiervan is die doelstellings van die HSAG oorgedra. Daar is verwys na die feitestel en meriete van die saak asook die regte wat die HS-beleggers tot hul beskikking het.

Die kwessie oor verjaring is aangeraak en meer besonderhede oor die onderwerp is by paragraaf vyf van hierdie nuusbriewe beskikbaar.

Omdat die beleggers graag wou weet hoe lank die saak nog kan duur is ook na die verloop van sake en belangrike gebeure verwys. Sodoende kon die beleggers kennis neem dat daar inderwaarheid vele aangeleenthede was wat alreeds aandag in die hof geniet het. Redes vir die skikkingsvoorstel en uiteindelijke onttrekking van die skikkingsonderhandelinge is verskaf en die gevare van die voorgestelde HSBF-skikking is uitgelig.

Te midde van dreigemente van die HSBF, 'n Georgiou-platform, dat Orthotouch en HS-maatskappye moontlik gelikwideer gaan word, is die onderwerp aangeraak en is

die maandelike uitwerking daarvan op die HSAG-beleggers verduidelik aan die hand van die advokaatsopinie soos deur die HSAG-bestuurskomitee aangevra.

Na afloop van die inligtingsessies wat as toetslopië aangebied is, en weens die aansienlike belangstelling in die sessies en die bywoning daarvan, het die HSAG-Bestuur besluit om die verdere geskeduleerde HSAG-inligtingsessies weens praktiese en logistieke redes te herskeduleer na 2018 ten einde maandelik ook ander provinsies in te sluit. Sodoende sal beleggers ook genoeg geleentheid gegun word om vir die beplande inligtingsessies te registreer en sal die HSAG-Bestuur voldoende lokale kan bespreek.

Kennis hieroor sal aan die beleggers gegee word in die maandelikse nuusbrië, met WhatsApp- en SMS-boodskappe asook per e-pos.

6. VERJARING VAN BELEGGERS SE EISE EN HSAG-EISE

Die HSAG-prokureurs het heelwat versoëke van HSAG-beleggers ontvang om die kwessie asook die effek van verjaring op die eise van beleggers in die HS 15-22 maatskappye in eenvoudige verstaanbare begrippe te verduidelik.

Hier volg 'n vereenvoudigde opsomming oor verjaring:

Wat beteken verjaring?

Verjaring geskied wanneer 'n eis/skuld (m.a.w. 'n verpligting om geld te betaal) uitgewis word deur wetgewing na afloop van 'n sekere tydperk. Kragtens die Verjaringswet 68 van 1969, begin verjaring loop die oomblik wanneer 'n skuld/eis betaalbaar is of wanneer 'n krediteur bewus is van of daar redelikerwys van die krediteur verwag kan word om bewus te wees wie die skuldenaar is en van die feite wat aanleiding tot die skuld gegee het.

In Suid-Afrikaanse reg, bepaal die Verjaringswet dat kontraktuele en deliktuele eise/skuld binne drie jaar vanaf die datum wat die skuld/eis opeisbaar en betaalbaar was, verjaar (m.a.w. die datum wanneer die eisorsaak/skuld sy ontstaan gehad het).

Wat is die gevolge van 'n eis/skuld wat verjaar het?

Wanneer 'n eis verjaar het kan die party met die eis nie meer 'n regsaksie aanhangig maak vir daardie eis nie.

Die skuld word dus op die manier uitgewis met verloop van 'n driejaar tydperk en sal die skuldenaar nie meer aanspreeklik wees vir die betaling van sodanige skuld nie.

Wanneer sal 'n verjaringstermyn onderbreek word?

Kragtens Artikel 13 van die Verjaringswet is daar sekere omstandighede wat die verloop van verjaring kan vertraag of stuit. Voorbeelde hiervan is die uitreik en bediening van 'n dagvaardiging deur die Eiser op die Verweerder, of waar daar 'n plig is om geld te betaal, die erkenning van skuld deur die verweerder. Hierdie is slegs twee gevalle wat as voorbeeld dien vir die onderbreking van verjaring.

Die HSAG en verjaring

'n Hofaansoek vir verlof om 'n klas-aksie te registreer namens beleggers in die Hoëveld Sindikasies 19 tot 22 in die Pretoriase Hooggeregshof is in Oktober 2014 onder saaknommer 80811/14 uitgereik.

Met die uitreik van sodanige aansoek is die verloop van verjaring betreffende alle klas-aksie eise onderbreek, insluitend die eise wat op die sogenaamde terugkoopklousules gebaseer is. Dat die uitreik van 'n klas-aksie aansoek verjaring stuit, is deur die Hoogste Hof van Appèl in die saak *Children's Resource Centre Trust v Pioneer Food (Pty) Ltd 2013 (2) SA 213 (SCA) ([2012] ZASCA 182)* bevestig en spesifiek in paragraaf 89 van die uitspraak.

7. ADMINISTRATIEWE AFSNYDATUM VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

Die afsnydatum vir laat-registrasies vir aansluiting by die HSAG is verleng tot 30 November 2017 om 24:00. Aansoeke vir laat-registrasies vir 2017 sal streng op 'n ad hoc basis oorweeg word. Die registrasievorms is op die webtuiste by www.hsaction.co.za, beskikbaar of in die alternatief kan u 'n e-pos stuur na hsagregister@gmail.com om 'n registrasievorm te versoek. Alle versoeke en voltooide registrasievorms moet aan hsagregister@gmail.com gestuur word.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com